:—: Koers :—:
TWEEMAANDELIKSE TYDSKRIF

JAARGANG XXIV Augustus 1956 No. 1

# JUBILEUM VAN PROF. STOKER

In akademiese kringe in Suid-Afrika en die buiteland is prof. H. G. Stoker as wysgeer van naam baie bekend. Reeds met sy doktorale proefskrif „Das Gewissen" het hy die aandag op hom gevestig en homself as 'n bona fide wysgeer met veelbelowende toekoms betoon. Na 'n dienstyd van 25 jaar as professor aan die P.U. vir C.H.O. kan sy voetspore as academicus duidelik in die ontluikende wysbegeerte van ons land opgemerk word. Prof. Stoker het 'n leidende figuur op sy vakgebied geword. 'n Waardige ry van oudstudente kan getuig van die inspirerende en rigtinggewende invloed op hulle akademiese vorming gedurende die afgelope 25 jaar deur 'n professor wat homself so *inleef* in sy vak—'n mens kan sê *leef vir sy vak*— dat dit skyn asof die res van die wêreld ongemerk by hom verbygaan . . . . .

Nee, tog nie! Die krag van prof. Stoker lê juis in die breë belangstelling wat hy koester. Daar is haas geen terrein van die wetenskap nie, of hy wil die principia daarvan aan sy lewens- en -wêreldbeskouing toets. Wie die lang lys van publikasies van prof. Stoker nagaan sal geen verdere bewys vir hierdie bewering verlang nie.

Die algemene bekendheid van prof. Stoker maak in Calvinistiese kringe plek vir bemindheid, want hierin is hy nie alleenlik 'n toring van sterkte nie, maar selfs die *hoop* van die Suid-Afrikaanse Calvinistiese wysbegeerte. En juis na 25 jaar is hierdie uitgelese wysgeer besig om sy wysgerige kennis,

insig en idees vorm te gee in 'n oorspronklike sisteem van Calvinistiese denke.

Maar vir die redaksie van „Koers" is daar nog 'n besondere rede vir toegeneentheid tot die Jubilaris: in die instandhouding, ontwikkeling en beleidsbepaling van „Koers" het prof. Stoker 'n eervolle rol gespeel. Die eerste uitgawe van „Koers" was in Augustus 1933, en nog in die eerste jaargang, April 1934, het 'n belangwekkende artikel uit die hand van prof. Stoker verskyn: „Kweek die neutrale universiteit opportunistiese leiers?" waarin drie vorms van „neutrale universiteit" op skerpsinnige wyse aangetoon is. Van Desember 1937 tot Maart 1945 was prof. Stoker lid van die redaksie van „Koers". Twee jaar van hierdie redaksionele arbeid het „agter die doringdraad" geskied. In Augustus 1950 het prof. Stoker weer eens tot die redaksie toegetree en van Desember 1952 tot Junie 1955 was hy hoofredakteur. Gedurende die 22-jarige bestaan van „Koers" het hy nie minder as 28 artikels gelewer nie en hierby is die talle boekbesprekings nie bygereken nie. In prof. Stoker het „Koers" dus 'n lewende lid en staatmaker. Dit is dan ook 'n eer vir die redaksie om in hierdie uitgawe 'n baie belangrike artikel van hom te plaas.

Daarom is dit vir die redaksie 'n behoefte om prof. Stoker van harte geluk te wens met sy 25-jarige jubileum as professor aan die P.U. vir C.H.O. *Ons hoogste wens en bede vir hom is dat die Suid-Afrikaanse Calvinistiese wysbegeerte onder sy leiding en op fondamente deur hom gelê 'n eie, oorspronklike gestalte mag vind.*

* * * *

## DIE HISTORIESE GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Die Redaksie van *Koers* het met genoeë kennis geneem van die stigting van *Die Historiese Genootskap van Suid-Afrika* te Pretoria op 24 Maart 1956. Hierdie Genootskap stel hom ten doel om langs verskillende weë die kennis en belangstelling vir die geskiedenis, veral die vaderlandse geskiedenis, te bevorder en om ook die geskiedenis as wetenskap te dien.

Die Genootskap het ook besluit om 'n eie geskiedenisblad, *Historia*, die lig te laat sien. Dit is 'n viermaandelikse tydskrif met 'n totale aantal bladsye per jaargang van ongeveer 240. Die eerste nommer, wat alreeds in Junie verskyn het, maak 'n baie goeie indruk en bevat 'n hele verskeidenheid van artikels wat nie alleen van wetenskaplike belang is nie, maar ook op die onderwys van geskiedenis aan die laer- en middelbare skool

betrekking het. Hierdie blad staan onder die hoofredakteurskap van prof. dr. A. N. Pelzer met dr. J. S. du Plessis as onderhoofredakteur.

Die voorsitter van die Genootskap is dr. J. J. van Tonder en die sekretaris mnr. D. J. Nell. Op die blad kan teen £1 per jaargang ingeteken word by die Penningmeester, Posbus 241, Brakpan.

Die Redaksie van *Koers* wil aan hierdie nuwe blad 'n hartlike welkom toeroep en die hoop en vertroue uitspreek dat die Genootskap sowel as sy tydskrif vrugbaar mag arbei in die belangrike akker van die geskiedenis.

DIE REDAKSIE.

——oOo——